

HOOFSTUK 1

TEMA-ANALISE EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleiding

"There is no way in which parents can evade having a determining effect upon their children's personality, character and competence" (Baumrind 1978:239).

"Parents are the first and most important teachers" (Jensen 1985:85).

In die Opvoedkunde sowel as in die Sielkunde word die feit sterk beklemtoon dat 'n wye verskeidenheid faktore die akademiese prestasie van die adolessent beïnvloed. Dit word ook telkens aangetoon dat, naas verstandelike vermoëns, bepaalde nie-kognitiewe adolessent-veranderlikes ook 'n betekenisvolle invloed op die akademiese prestasie van die adolessent uitoefen.

Voorbeelde van hierdie nie-kognitiewe adolessent-veranderlikes wat in die literatuur genoem word, is die volgende: motivering, werkhouding, emosionele gesteldheid, ensovoorts.

"Achievement in school and in adult life depends not only on people's abilities, but also on their motivation, attitudes, work skills, and emotional reactions to school and other achievement situations" (Mussen et al. 1990:346).

'n Ander belangrike faktor wat die akademiese prestasie van die adolessent op betekenisvolle wyse kan beïnvloed, is die adolessent se persoonlikheid (met sy selfkonsep as kern):

- "A pupil's scholastic performance may be as much a function of his personality as of his intellect" (Behr 1983:125).

- "How students feel about their abilities may, for better or for worse, consciously or unconsciously, affect their academic performance" (Hamachek 1992:266).

Selfs wanneer intelligensietoetsing ter sprake kom, word melding gemaak van nie-kognitiewe faktore wat die individu se toetsuitslae kan beïnvloed:

"Intelligence test scores are often influenced by several factors that are not necessarily related to intelligence. For example, different levels of anxiety, motivation, and homelife verbalization all influence individual test scores" (Jensen 1985:466).

Dit is 'n bekende feit in die Opvoedkunde dat die opvoedingsgedrag van ouers 'n betekenisvolle en kragtige invloed uitoefen op die belewinge, gedrag en persoonlikheidsontwikkeling van die kind (adolesent). Vergelyk die volgende uitsprake wat in die literatuur aangetref word:

- Die opvoedingsgedrag van die ouer oefen 'n betekenisvolle en kragtige invloed uit op die belewinge, gedrag en persoonlikheidsontwikkeling van die kind (Pretorius 1992:3) .
- "That parent-child interactions have an enormous impact on children's attitudes and values as well as on their personalities is a truism of psychology" (Middlebrook 1980:174).
- "De opvoedingsgewoonten van ouders hebben hun neerslag in de persoonlijkheidsontwikkeling van kinderen" (Angenent 1990:108).

Dit is egter net so 'n bekende feit dat bepaalde adolessent-veranderlikes, te wete bepaalde belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolessent, op hulle beurt weer 'n betekenisvolle invloed op die adolessent se akademiese prestasie uitoefen.

Soos blyk uit die volgende aanhalings, oefen die opvoedingsgedrag van die ouer dus ook 'n betekenisvolle invloed uit op die adolessent se akademiese prestasie:

- "Both the home environment and parental behavior can influence children's intellectual skills, school achievement, and achievement efforts" (Mussen et al. 1990:364).
- "...parental involvement is critical to children's academic success at all grade levels" (Dacey en Kenny 1994:314).
- "...parental aspiration and encouragement not only raised their children's educational aspirations, but equaled academic ability as a predictor of their children's aspirations" (Fuhrmann 1986:130).

Dit blyk uit die literatuur (Claassens 1996; Steinberg 1993; Mussen et al. 1990) dat sommige ouerlike opvoedingstyle die kind (adolessent) tot optimale akademiese prestasie predisponeer, terwyl ander die kind (adolessent) tot onderaktualisering van sy kognitiewe potensiaal predisponeer.

In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na dié ouerlike opvoedingsgedragspatrone waardeur die optimale akademiese prestasie van die adolessent die beste gefasiliteer kan word. Dit gaan dus om beantwoording van die vraag na die opvoedingsgedragspatrone van die ouer wat die optimale akademiese prestasie van die adolessent sal fasiliteer.

1.2 Tema-analise

Wanneer die onderhawige navorsingstema ontleed word, is daar bepaalde konsepte wat uitstaan en is dit nodig om hierdie konsepte noukeurig te definieer, te omskryf en te verklaar sodat die presiese betekenis daarvan vasgestel kan word.

Die onderhawige studie fokus op die opvoeding soos dit in die alledaagse opvoedingsituasie binne die normale gesin (met adolessente) plaasvind. Die ouer (as primêre opvoeder) se opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die adolessent word ontleed en nagevors sodat vasgestel kan word watter opvoedingstyle die gunstigste invloed uitoefen op prestasieverwante adolessent-veranderlikes, te wete die belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolessent. Dit word verder beoog om kousale verbande aan te toon tussen hierdie prestasieverwante adolessent-veranderlikes en die akademiese prestasie van die adolessent.

Met bogenoemde voor oë, word die volgende konsepte met betrekking tot die tema van die onderhawige studie gedefinieer en omskryf:

- die gesin en gesinsopvoeding
- ouerlike opvoedingstyle
- die adolessent
- prestasieverwante adolessent-veranderlikes
- optimale akademiese prestasie
- die vraag na die fasilitering van optimale akademiese prestasie van die adolessent in die gesinsopvoeding
- 'n psigopedagogiese studie.

1.2.1 Die gesin en gesinsopvoeding

Dit gaan in hierdie studie om die opvoeding soos dit in die **gesin** verwerklik word en om 'n ondersoek na die invloed van die **gesinsopvoeding** op die akademiese prestasie van die adolessent.

Die gesin en sy opvoedingsfunksie word vervolgens gedefinieer en omskryf:

Die gesin is 'n maatskaplike instelling wat in die Westerse lande berus op die georganiseerde en wettig vasgelegde eenheid van vader, moeder en kind. Dit verskil in vorm, afhangende van kulturele omstandighede (Pretorius 1998:41).

Volgens Pretorius (1998:42-43) is die gesin die sentrum van die opvoeding en die primêre opvoedingsituasie van die kind en gesinsopvoeding vorm die basis van alle latere opvoeding. Ouers dra die eerste verantwoordelikheid vir die liggaamlike, psigiese, geestelike en sosiale welsyn van die kind.

Angenent (1990:19) beskou die gesin as "... een leefeenheid van man, vrou en kind(eren). Ze vormen een leefgemeenschap van betrekkelijk vaste en duurzame aard, waarbinnen ze gezamenlijk ervaringen opdoen en samen activiteiten ontplooiën. Aan de basis hiervan ligt een gevoel van lotsverbondenheid, van bij elkaar horen en verantwoordelijkheid voor elkaar dragen".

Le Roux et al. (1992:6) definieer die gesin soos volg: "Die kleinste, mees basiese sosiale eenheid in die samelewing, verbind deur bloedverwantskap, huwelik of aanneming. Die samestelling van 'n gesin kan varieer vanaf 'n kinderlose egpaar, enkelouergesin, tot 'n egpaar met verskeie eie en/of aangenome kinders".

In die volgende uitsprake word die opvoedingsfunksie van die gesin beklemtoon:

"Die belangrikste funksie van die gesin is om die opvoeding en sosialisering van die kind te verseker volgens die norme wat in die maatskappy heers" (Pretorius 1998:45).

Pretorius (1998:45) verklaar verder dat die wese van die gesin as psigo-sosiale eenheid daarin geleë is dat die gesinslede saamlewe om mekaar se behoeftes te vervul. Die gesin kan dus beskou word as 'n eenheid van groei, ervaring en vervulling; gesinslewe beteken vervulling van behoeftes en vervulling van moontlikhede.

Uit Cooper (Pienaar 1997:6) se definisie blyk die funksie van die gesin te wees die sosialisering van die kind (adolescent) en die bevordering van sy persoonlikheidsontwikkeling en gedrag:

'n Gesin

- bied die ervaring van persoonswarme, liefdevolle, intieme en konsekwent-betroubare verhoudinge (ek-jy-verhoudinge);
- verseker die fisiese en materiële voorsiening en versorging, gesondheid en veiligheid van sy lede;
- erken sy taak met betrekking tot die sosialisering van kinders (adolescente), die bevordering van hul persoonlikheidsontwikkeling en vermoëns, die begeleiding van hul gedrag en die beïnvloeding van hul waardes en norme;
- bied samewerking aan die skool en die wyer gemeenskap in die voorsiening van onderwys- en leerervaringe; en
- bied ondersteuning aan die kinders (adolescente) by hul verwerwing van onafhanklikheid en hul vestiging van 'n eie huwelik en gesinslewe.

Soos blyk uit die volgende aanhaling, vervul die gesin ook 'n belangrike funksie ten opsigte van die adolescent se akademiese prestasie:

- "If anything, the evidence suggests that important aspects of the home environment are better predictors of adolescents' academic achievement than important aspects of the school environment" (Coleman, in: Steinberg 1993:398).

Sears et al. (Claassens 1996:7) definieer gesinsopvoeding soos volg: "... all the interactions between parents and their children. These interactions include the parents' expressions of attitudes, values, interests and beliefs as well as their caretaking and

training behavior".

Samevattend kan verklaar word dat die gesin 'n klein sosiale eenheid, bestaande uit 'n vader, moeder en kinders (adolescente) is. Die gesin verseker die opvoeding en sosialisering van die kind (adolescent). Gesinslewe beteken ook vervulling van behoeftes en vervulling van moontlikhede, wat die fasilitering van die optimale akademiese prestasie van die kind (adolescent) insluit. Ouers verwerklik egter nie almal dieselfde opvoedingsgedragspatrone teenoor hulle kinders (adolescente) nie. Die onderhawige studie het ten doel om vas te stel watter opvoedingstyle van die ouer die akademiese prestasie van die adolessent optimaal sal fasiliteer.

1.2.2 Ouerlike opvoedingstyle

In die omgangstaal dui die term **opvoeding** dikwels op die informele leiding en voorbeeld wat deur die ouers gestel word in hulle gedrag en gewoontes (vergelyk Plug et al. 1993:253).

Elke ouer koester 'n bepaalde ideaal ten opsigte van wat hy met die opvoeding van sy kind wil bereik, byvoorbeeld met betrekking tot kennis, kreatiwiteit of **akademiese prestasie**, selfstandigheid, selfbeheersing, sosiale vaardigheid en aanpasbaarheid, morele waardes, gedragstandaarde, verantwoordelikeheidsin, ensovoorts. Elke ouer voed dan ook op die een of ander wyse op om hierdie doelstellings met die kind te bereik. Dit word die **opvoedingsgedrag** of **opvoedingstyl** van die ouer genoem (Pretorius 1992:3-4).

Mussen et al. (1990:481,491) sluit hierby aan wanneer hulle opvoedingsgedrag soos volg verduidelik: "Almost all parents have implicit or explicit ideals regarding what their children should be like, that is, what knowledge, moral values, and patterns of behavior their children should acquire as they develop. In their efforts to achieve these ideals, parents ordinarily try a variety of strategies. Parental disciplinary techniques and the strength of the child's identification are rooted in broad patterns of parent-child interaction or child-rearing styles. These patterns or styles may be described in terms of many

different dimensions, such as acceptance, affection, control, nurturance, warmth, permissiveness, restrictiveness, and demandingness".

Die leser kan daarop let dat wanneer die begrip **opvoedingstyl** gedefinieer word, die begrippe **ouerlike opvoedingsgedragspatroon**, **opvoedingstyl** en **basisvorm van die opvoeding** na dieselfde verskynsel verwys.

Plug et al. (1993:253) definieer ouerlike **opvoedingsgedrag** as "die tipiese wyse van opvoeding en toepassing van dissipline wat ouers teenoor kinders gebruik".

Le Roux et al. (1992:12) beskou die **opvoedingsgedrag** van die ouer as "die gedrag, houding, dissiplinêre benadering of kommunikasiewyse wat opvoeders gebruik of demonstreer in verhouding tot kinders".

Opvoedingsgedrag kan ook gedefinieer word as die doelbewuste wyse waarop die ouer (volwassene) die kind (adolessent) opvoed tot volkome onafhanklikheid. Suksesvolle opvoedingsgedrag vind plaas waar 'n verantwoordelike ouer aan die kind leiding gee, ondersteuning bied en vergesel op pad na selfaktualisering en volwassenheid (Van den Aardweg en Van den Aardweg 1988:72).

Elke opvoeding is uniek. Binne dieselfde gesin is die opvoeding van elke kind (adolessent) anders as dié van die ander. Die opvoedingservaringe van die adolessent beïnvloed sy gedraginge, belewinge en persoonlikheidseienskappe en oefen dus 'n positiewe of negatiewe invloed uit op sy akademiese prestasie. In elke opvoeding kan algemene opvoedingsgedragspatrone waargeneem word.

Met betrekking tot die aard van ouerlike opvoedingstyle onderskei Angenent (1990:75-76) tussen die volgende twee grondpatrone wat as **basisbegrippe van die opvoeding** beskou kan word:

- Die **warmte** in die opvoeding (die horisontale afstand tussen ouer en kind):
Hiermee word bedoel die emosionele afstand wat tussen ouer en kind bestaan, en dit gaan hier om die vraag in hoeverre daar 'n warm en liefdevolle sfeer in die

opvoeding heers. Ons onderskei tussen die warm ouer wat 'n goeie verhouding met die kind het, en die koue ouer wat hom nie veel aan die kind steur nie.

- Die **dominansie** in die opvoeding (die vertikale afstand tussen ouer en kind):
Ons ken die dominante ouer wat die kind oorheers, en andersyds die toegeeflike ouer wat die kind oormatig vry laat.


Hierdie twee basisbegrippe beskryf die **opvoedingsgedrag** van één ouer ten opsigte van één kind. In dieselfde gesin kan die ouers ten opsigte van hul opvoedingsgedrag van mekaar verskil. Dit kom egter meestal grotendeels ooreen. Verder bestaan die moontlikheid dat 'n ouer een kind anders opvoed as 'n ander.

Elke opvoedingsdimensie word as 'n reguit lyn voorgestel waarop elke ouer (op grond van sy opvoedingsgedrag) geplaas kan word (kyk Figuur 1.1). Die meeste ouers sal na die middel van die lyn geplaas word (die sogenaamde gemiddelde ouer).


Angenent (1990:86) stel die verhouding tussen warmte en dominansie in 'n tweedimensionele opvoedingsmodel voor (kyk Figuur 1.2).

Hier word die warmte-dimensie aangedui as die horisontale afstand tussen ouer en kind en die dominansie-dimensie as die vertikale afstand tussen ouer en kind. Die basisbegrippe vorm die hoofasse of primêre asse van die model in Figuur 1.2. In die model is daar ook twee sekondêre asse wat as kombinasies van die hoofasse beskou kan word. Die "toleransie-intoleransie"-as het betrekking op die demokrasie in die opvoeding en onderskei die ouer wat 'n hartlik-bedoelde toegeeflikheid openbaar van die ouer wat die kind op 'n koue wyse in sy moontlikhede beperk. Die "betrokkenheid-onverskilligheid"-as verwys na die betrokkenheid van die ouer by die opvoeding en stel warm, beskermende strengheid teenoor koue onverskilligheid. Die asse van die model vorm dimensies waarop elke soort opvoeding geplaas kan word (Angenent 1990:86-87).

Figuur 1.1 Basisdimensies van die opvoeding (Angenent 1990:76)



Figuur 1.2 Die tweedimensionele opvoedingsmodel van Angenent
(Angenent 1990:86)



Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n aantal een-, twee- en driedimensionele opvoedingsmodelle verken en is besluit om Angenent se tweedimensionele opvoedingsmodel (Figuur 1.2) as uitgangspunt te gebruik en word die volgende **basisvorme van die opvoeding** onderskei:

- **die warm opvoeding** - **die koue opvoeding**
- **die dominante opvoeding** - **die toegeeflike opvoeding**
- **die tolerante opvoeding** - **die intolerante opvoeding**
- **die betrokke opvoeding** - **die onverskillige opvoeding**

Hierdie opvoedingsgedragsspatrone word in Hoofstuk 2 breedvoerig beskryf en ontleed en die invloed daarvan op prestasieverwante adolessent-veranderlikes (belevinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe) aangetoon om sodoende ondersoek in te stel na die ouerlike opvoedingstyle wat die adolessent tot optimale akademiese prestasie predisponeer en na dié wat die adolessent tot onderaktualisering met betrekking tot sy akademiese prestasie predisponeer.

1.2.3 Die adolessent

Alhoewel die ontwikkeling van die mens 'n aaneenlopende proses is, is daar in die lewe van elke individu 'n fase of periode van ongeveer agt of meer jare waar hy nie meer 'n kind is nie, maar ook nog nie 'n volwassene geword het nie.

Hierdie fase van menslike ontwikkeling staan bekend as **adolessensie**.

"**Adolescence** is perhaps the most challenging and interesting period of human growth and development. It is a stage characterised by radical physical, emotional, psychological and social change" (Prinsloo et al. 1996:127).

Hieruit kan afgelei word dat die adolessente-jare dikwels 'n moeilike tydperk vir die jeugdige en sy ouers is. Dit is 'n tyd van besondere fisieke groei, verandering en ontwikkeling. Dit is gewoonlik ook 'n tyd waarin groot skommeling in gemoed, houding en gedrag plaasvind.

Aangesien die onderhawige studie op die adolessent van toepassing is, kan die volgende vraag gevra word: Wanneer begin adolessensie en wanneer eindig dit? Om meer lig te werp op dié aangeleentheid, word die begrippe **puberteit** en **adolessensie** vervolgens ontleed en beskryf.

Die begrip "puberteit" is afgelei van **pubescere**, die Latynse werkwoord wat "ryp word" beteken. Dit is dus die rypingsjare, waarin die seun 'n man word, en die dogter 'n vrou. Hierdie gebeure het 'n liggaamlike, 'n psigiese en 'n kultureelmaatskaplike aspek (Pretorius 1994a:133).

Die begrip "adolessensie" is afgelei van die Latynse werkwoord **adolescere** wat beteken om "op te groei" of om "te groei tot volwassenheid". Adolessensie begin met die aanvang van puberteit en eindig met die aanvaarding van volwasse verantwoordelikhede (Mussen et al 1990:569).

Pretorius (1994a:133) definieer die **adolessente-periode** soos volg:

Die **jeugtydperk** is 'n periode van innerlike onrus en in-beweging-kom, ten opsigte waarvan vier fases duidelik onderskei kan word:

- die **voorpuberteit**, 'n aanloopfase waarin geringe veranderinge in die totale gedragsbeeld en die eerste tekens van die ontwikkeling van sekondêre geslagskenmerke die komende puberteit aandui (by dogters ongeveer die elfde jaar, by seuns ongeveer die dertiende jaar);
- die **negatiewe fase**, wat deur moeilike gedrag en negatiewe stemminge gekenmerk word; by dogters van 12 tot 14 jaar, by seuns van 13 tot 15 jaar;

- die eintlike **puberteitsfase**, tot ongeveer die agtiende jaar;
- die **adolessensie-periode**, tot 20, 21 jaar.

Verhofstadt-Denève (1991:10) beskou die adolessente-periode soos volg:

"... eigen aan de Angelsaksische terminologie is de indeling van de adolescentieperiode in early-, middle- en late-adolescence (resp. \pm 12-14 jaar, \pm 14-16 jaar, \pm 16-20 jaar; meisjes ongeveer één à twee jaar vroeger voor de eerste twee fasen), elk met een aantal specifieke kenmerken.

In teenstelling met de gangbare Angelsaksische terminologie duiden in Nederlandse (en Duitse) publikaties de termen puberteit en adolescentie dikwijls twee opeenvolgende levensfasen aan. Puberteit verwijst dan niet alleen naar fysieke, maar ook naar psycho-sociale ontwikkelingen tussen \pm 12 en 16 jaar. Bij de adolescentie (\pm 16-20) ligt het accent eerder op de psychische groei, de vestiging van een eigen identiteit en de beginnende integratie in de wereld der volwassenen" (Verhofstadt-Denève 1991:10).

Om adolessensie as menslike ontwikkelingsperiode verder in perspektief te plaas, word vervolgens 'n aantal **hoofkenmerke** van die adolessent kortliks bespreek (vergelyk Van As 1997:50-78):

» **Liggaamlike verandering en seksuele rypwording:**

Tydens die aanvangsjare van die adolessente-stadium vind puberteitsveranderinge plaas wat manifesteer in uiterlike liggaamlike groei en inwendige fisiologiese aanpassings.

In teenstelling met die liggaamlike ontwikkeling is die seksuele ontwikkeling dramaties en verg dit groot aanpassings van die adolessent.

Ontwikkeling tot geslagtelike rypheid impliseer hormonale afskeidings, die ontwikkeling van 'n menstruasie-siklus by meisies en spermproduksie by seuns.

Hierdie ontwikkeling vestig die belangrike vermoë by die individu om te kan voortplant, wat 'n nuwe dimensie aan die bestaan van die adolessent gee. Die ontwikkeling van beide primêre en sekondêre geslagskenmerke het 'n belangrike invloed op die selfkonsep van die adolessent.

Die adolessente-tydperk word met betrekking tot die liggaamlikheid van die adolessent deur die volgende gekenmerk:

- versnelde liggaamlike groei en verandering
- ontwaking van die geslagsdrang
- ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke
- die bereiking van geslagsrypheid
- intense beleving van hierdie nuwe dimensie van bestaan
- die invloed van liggaamlike veranderinge op die selfkonsep
- die invloed van liggaamlike veranderinge op sosiale lewe en sosiale gedrag
- gepreokkupeerdheid met fisiese voorkoms.

Die adolessent raak nou gepreokkupeerd met sy "nuwe" liggaam en "nuwe" voorkoms, en hy is uiters sensitief daaroor.

Die adolessent se beleving van hierdie liggaamlike veranderinge en seksuele rypwording word gekenmerk deur gevoelens van verwondering, trots en vreugde, asook van onsekerheid, skaamte, bekommernis, selfbewustheid, gevoeligheid vir kritiek, verbouereerdheid en weersin.

Die implikasie is dat die ouer 'n opvoedingstyl moet verwerklik wat hierdie uitstaande kenmerke met betrekking tot die versnelde liggaamlike groei en verandering van die adolessent, sal akkommodeer. Die ek-jy-verhouding tussen ouer en adolessent moet byvoorbeeld sodanig toereikend verwerklik word dat die gewenste geslagsopvoeding en kommunikasie met betrekking tot geslagtelike aangeleenthede toereikend kan verloop.

Die verhouding moet verder sodanig daar uitsien dat die ouer die adolessent toereikend kan begelei wat die verandering in sy sosiale lewe en sosiale gedrag betref. Die adolessent moet byvoorbeeld met betrekking tot sy verhoudinge met die teenoorgestelde geslag toereikend gesosialiseer word.

Wat die liggaamlike selfkonsepvorming van die adolessent betref, moet die ouer teen spottery en kritiese opmerkings waak. Dit kan die selfkonsep van die adolessent aantas.

►► **Emosionele labiliteit:**

Gedurende die tyd van vinnige fisieke verandering ondergaan die adolessent ook 'n periode van verhoogde emosionele ontwikkeling. Dit neem gewoonlik die vorm aan van 'n besondere behoefte of drang om volwasse te wees. Die probleem is egter dat die adolessent nog nie oor die vermoë beskik om die verantwoordelikhede wat met volwassenheid gepaardgaan, te aanvaar nie. Dit veroorsaak verwarring en spanning; gevolglik raak sy gedrag onvoorspelbaar omdat hy homself en sy wêreld ("Umwelt") nie kan hanteer nie (Behr et al. 1990:10-11).

Dit is veral gedurende die puberteitstydperk (vroeë adolessensie) dat die jongmens 'n intensiteit en wisselvalligheid in sy emosionele lewe ervaar.

Dit kan toegeskryf word aan die feit dat dit gedurende hierdie periode is dat die adolessent homself in die oorgangsfase na volwassenheid en alles wat daarmee gepaardgaan, bevind, byvoorbeeld:

- snelle liggaamlike verandering en seksuele rypwording
- "verlange na iets"
- soeke na sin
- soeke na identiteit
- emansipasiestrewe
- veranderende ek-jy-verhoudinge

Die emosionele lewe van die adolessent wat hom in die vroeë adolessente-fase bevind, word gekenmerk deur selfbewustheid, verwardheid, spanning, konflik, ongelukkigheid, onvoorspelbare gedrag, behoefte om alleen te wees, eensaamheid en gevoelens van onsekerheid, onrustigheid, sentimentaliteit, vrees, angs, woede, frustrasie, aggressie, ensovoorts.

Soos die adolessent ouer word, leer hy algaande om sy emosies te beheer en vorm hy nou 'n hoër selfkonsep en is hy meer volwasse in sy emosionele lewe en emosionele gedrag. Hy begin om sy gevoelens te beheer en op 'n meer volwasse wyse uitdrukking daaraan te gee. Die adolessent wat hom dus nou in sy laat adolessente-fase bevind, is gelukkiger, meer onafhanklik, ondervind minder frustrasie, is meer realisties oor sy moontlikhede en stel dus realistiese doelwitte vir homself.

Aangesien die adolessent homself in 'n kwesbare fase bevind, sal die ouer 'n opvoedingstyl moet verwerklik wat hierdie emosionele labiliteit van die adolessent akkommodeer.

Emosies beïnvloed byvoorbeeld die ek-jy-verhouding tussen ouer en adolessent. Hoe 'n persoon voel, sal bepaal hoe hy teenoor ander optree. Iemand wat byvoorbeeld warmte en liefde ervaar, sal anders optree as iemand wat koudheid ervaar. Dit is veral positiewe emosies wat in 'n liefdevolle, intiem-persoonlike verhouding ervaar word, wat tot geluk en innerlike bevrediging lei.

►► **Selfinkeer (toenemende introspeksie):**

Soos wat die adolessent homself tuismaak in die volwasse wêreld, word hy toenemend bewus van die self en ontwikkel hy die vermoë om oor verskillende moontlikhede ten opsigte van die self te dink en homself te evalueer.

Om homself in die volwasse wêreld te kan handhaaf, moet die adolessent eers 'n staanplek in die samelewing vind. Die adolessent bevind hom in 'n fase waar hy homself moet vind en moet worstel met diepere lewensvrae waarop hy antwoorde soek.

Hy soek naamlik antwoorde op vrae soos die volgende:

- "Wie is ek?" - Soeke na identiteit.
- "Wat is die sin van my lewe?" - Soeke na sin.
- "Wat is God se plan met my lewe?" - Soeke na egte godsdiensbelewinge.

Om antwoorde op hierdie soeke te vind, keer die adolessent tot die self en ontdek hy sodoende homself. Hierdie selfinkeer van die adolessent vereis 'n bepaalde ingesteldheid van die ouer en moet die ouer sy opvoedingsgedrag sodanig wysig dat die adolessent in sy soeke geakkommodeer kan word.

► **Identiteitsverwerwing:**

Gedurende puberteit en adolessensie word die jongmens bewus van homself as persoon, en volgens Pretorius (1994b:109-110) word die volgende vrae vir die eerste keer in terme van diepere lewensvrae vir hom aktueel:

- Wie is ek? (Ook: Wie is ek vir myself? en: Wie is ek in die oë van ander mense?)
- Hoe is ek?
- Waar pas ek in die lewe in?
- Waarheen is ek op pad?
- Wat is die sin en betekenis van my persoonlike lewe?

Hierdie ontdekking van die **eie ek** is sekerlik een van die belangrikste opgawes waarmee die mens in sy lewe worstel. Hierdie identiteitsverwerwing deur die adolessent word gekenmerk deur sy soeke na sin - na die sin van wêreldgebeure, na die sin van sy eie bestaan en die aanvaarding van verantwoordelikheid. Hy belewe dikwels konflik ten opsigte van teenstrydige waardes, en dit kan 'n oorweldigende en vereensamende uitwerking op hom hê.

Dit is die taak van die ouer om die adolessent, wat met die aanvang van adolessensie vanweë liggaamlike veranderinge, emosionele labiliteit, uitsonderlike ek-jy-verhoudinge, sinsoeke, onafhanklikheidstrewes, ensovoorts waarskynlik 'n periode van identiteitsonsekerheid beleef, so te lei en by te staan dat hy aan die einde van die adolessensie met selfvertroue, sekerheid en verantwoordelikheid op die identiteitsvraag kan antwoord.

Die ouer se begeleidingstaak ten opsigte van identiteitsverwerwing deur die adolessent kan soos volg saamgevat word:

- die oordra van norme en waardes;
- bewusmaking van die adolessent van sy aangesprokenheid as persoon;
- gewetensvorming;
- verantwoordelikeheidsvorming;
- hulp ten opsigte van selfstandigheidsaanvaarding en vryheidsverowering;
- hulp met die interpretasie van die sin van wêreldgebeure, en ook van die sin van die eie lewe;
- die betekenis van die godsdiensoopvoeding in dié verband kan moeilik oorskat word.

►► **Emansipasiestrewe:**

"The teenage years are the years of emancipation, when the adolescent distances him or herself from the parental home, attitudes, morals and values" (Prinsloo et al. 1996:140).

Hieruit kan afgelei word dat die adolessente-jare gekenmerk word deur 'n strewe na onafhanklikheid van die ouers en dat die selfstandigwording van die adolessent impliseer dat die rol wat die ouer in sy lewe vervul al kleiner word.

Pretorius (1994b:112) verklaar dat met die jeugdige se ek-ontdekking daar ook 'n intense behoefte, strewe en wil gepaardgaan om emosioneel en sosiaal te

emansipeer - om vry en selfstandig te word. Hy wil sy onafhanklikheid ten opsigte van volwasse gesagsfigure soos ouers en onderwysers bevestig; hy wil hom toenemend as volwassene begin definieer; hy wil "self-iemand-wees"; hy wil nie meer "soos 'n kind" behandel word nie; hy wil op eie verantwoordelikheid besluite neem, en vrees in dié verband die bemoeisug van die volwassene.

In dié verband voer Pretorius (1994b:112) aan dat die adolessent hom, veral ten opsigte van sy ouers en onderwysers, onafhanklik wil stel en nie oormatig gekontroleer en gesosialiseer wil word nie. Hy wil toenemende vryheid en 'n aflopende gesagsverhouding ervaar. Oormatige gesag en kontrole gee aanleiding tot ontwikkelingskonflik by die adolessent ten opsigte van sy afhanklikheid/ onafhanklikheid-gesteldheid. Hy beleef oormatige beheersing en dominerings as teenstand deur die opvoeder teen sy neiging en strewe tot selfbevestiging en emansipasie. Hy wil toenemend selfstandig dink en handel, en aan die hand van sy eie norme en waardes keuses doen. Hy het nou 'n kritiese houding teenoor die waardes en norme van die volwassene en die samelewing; hy bevraagteken dit en wil dit nie meer goedsmoeds aanvaar nie.

Te midde van die adolessent se strewe na emansipasie en onafhanklikheid is hy wat dit betref op 'n opvoedingstyl aangewese wat hom met sy emansipasie-strewe sal ondersteun.

▶▶ **Uitsonderlike ek-jy-verhoudinge:**

Met die adolessent se strewe na selfstandigheid en onafhanklikheid is dit logies dat hy minder sal staatmaak op sy ouers en meer steun vir sy optrede by ander mense, waaronder sy vriende en die portuurgroep, sal soek.

Volgens Pretorius (1994b:113) wil die jongmens graag ten opsigte van die portuurgroep "in" voel en deur hulle aanvaar word. Daarom konformeer hy met betrekking tot die voorkoms, gedrag, musiek, ensovoorts van die lede van die portuurgroep. Hy is nie nou meer lid van 'n bende nie, maar van die adolessente-portuurgroep, wat albei geslagte insluit. In die leeftydgenote-groep kan hy sy lewensvrae verwerk met betrekking tot interpersoonlike verhoudinge,

seksualiteit, godsdiens, ensovoorts. Die groep dien vir hom as sosiale oefenveld, byvoorbeeld waar hy lede van die teenoorgestelde geslag kan ontmoet, leer ken en die hof maak.

Prinsloo et al. (1996:141) wys daarop dat die aard van die portuurgroep grootliks bepaal wat die invloed daarvan op die sosiale ontwikkeling van die adolessent sal wees: "The peer group offers a safe haven of security and communication and is also a challenging sounding board where adolescents can test the acceptability and cleverness of their ideas. Where the values and attitudes of the group are sound, we find a powerful positive control over the individual members in their search for an own philosophy of life. Likewise, where the values of the group are negative (violent and/or criminal), the young adolescent is influenced in a negative way".

Fisiese voorkoms, liggaamsbou, akademiese prestasie, sportprestasie en sosiale vaardigheid bepaal die adolessent se gewildheid in die portuurgroep (Pretorius 1994b:113).

Die adolessent se betrokkenheid by die portuurgroep beteken vir hom 'n **intense sosiale lewe** en 'n **stroomversnelling** in sy sosialisering:

"Adolescence is generally a time of intense sociality" (Mussen et al. 1990:602).

Daar kan tot die konklusie gekom word dat die portuurgroep 'n betekenisvolle rol vervul in die emansipasie van die adolessent en dat hierdie rol al hoe groter word namate die adolessent meer onafhanklik van die ouers word.

Die opgaaf aan die ouers sal wees om 'n opvoedingstyl te verwerklik wat die handhawing van goeie verhoudinge tussen hulle en die adolessent sal verseker.

Soos hierbo gerapporteer, is die adolessente-tydperk dié tydperk waartydens die kind ontwikkel tot 'n jong volwassene. Hierdie periode (12 tot 18 jaar) is hoofsaaklik een van fisiese en emosionele rypwording, en van ontwaking van die seksualiteit, waartydens die seun 'n man word, en die dogter 'n vrou.

Dit is gedurende hierdie tydperk dat die jongmens homself as selfstandige persoon vestig en sy sosiale gerigtheid en oriëntasie vanaf die gesin na die portuurgroep verskuif. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die adolessent steeds met sy ouer identifiseer wanneer belangrike besluite met betrekking tot reg en verkeerd geneem moet word, en wanneer dit gaan om 'n beroep en lewensdoelstellings vir die toekoms; hy identifiseer egter eerder met sy leeftydgenote wanneer dit byvoorbeeld gaan oor smaak, kleredrag, rolprente, televisie, musiek, ensovoorts (vergelyk Pretorius 1994b:113-114).

Hierdie kenmerke moet deur die opvoedingstyl van die ouers ondervang word indien die adolessent tot optimale akademiese prestasie gepredisponer moet word. Byvoorbeeld, 'n opvoedingstyl wat die emansipasiestrewe en selfstandigwording van die adolessent dwarsboom, kan sy gepredisponertheid tot optimale akademiese prestasie belemmer en blokkeer.

Tydens adolessensie berei die individu hom voor op volwasse verantwoordelikhede en rolle wat betrekking het op sy toekomstige beroep, die huwelik en ouerskap. Met verwysing na hierdie aspekte word sy identiteit, waardes en oogmerke omlyn.

Soos reeds gerapporteer, hang optimale akademiese prestasie by die adolessent van 'n verskeidenheid faktore af. Hoewel bepaalde nie-kognitiewe adolessent-veranderlikes die fasilitering van optimale akademiese prestasie by die adolessent beïnvloed, speel sy kognitiewe ontwikkeling ook 'n bepalende rol.

Wat die adolessent se kognitiewe ontwikkeling betref, vorder hy gedurende vroeë-adolessensie van die konkreet-operasionele fase na die formeel-operasionele fase. Hy leer om outonoom en krities te dink en om self antwoorde op vrae en probleme te soek. Hy leer om op sy eie denke staat te maak en om verantwoordelikheid vir sy daede te

aanvaar (Van As 1997:208).

Die adolessent is weens sy kenmerke en ontwikkelingstake aangewese op besondere opvoedingstyle waardeur sy optimale akademiese prestasie gefasiliteer moet word.

Die vraag ontstaan dus na dié opvoedingstyl(e) waarop die adolessent aangewese is, wat sy kenmerke die beste sal ondervang by die fasilitering van sy optimale akademiese prestasie.

Om in dié verband 'n voorlopige aanduiding te bied, word die volgende twee voorbeelde uit die literatuur aangehaal:

Die tolerante, demokratiese opvoeding gee aanleiding tot **gunstige belewinge**: veiligheid, geborgenheid, blymoedigheid, vertrouwe, ensovoorts; **gunstige gedraginge**: liefdevol, saamwerkend, kalm-inskiklik, doelgerig, weetgierig, ensovoorts; en die ontwikkeling van **gunstige persoonlikheidseienskappe**: positiewe selfkonsep, intellektuele kontrole, emosionele stabiliteit, sosiaal, selfstandigheid, ensovoorts (Van As 1997:225).

Die intolerante, outokratiese opvoeding gee aanleiding tot **ongunstige belewinge** soos: angs, spanning, vrees, wrok, haat, ensovoorts; **ongunstige gedraginge**: uitdagend-vyandig, opstandig, oneerlik, ensovoorts; en die ontwikkeling van **ongunstige persoonlikheidseienskappe**: lae selfkonsep, min selfvertroue, teruggetrokkenheid, onbetroubaarheid, ensovoorts (Van As 1997:227).

Bogenoemde voorbeelde illustreer die stelling dat die opvoedingstyl van die ouer prestasieverwante adolessent-veranderlikes (belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe) gunstig of ongunstig kan beïnvloed en dit is die doel van die onderhawige studie om aan te toon hoe hierdie prestasieverwante adolessent-veranderlikes die adolessent se akademiese prestasie beïnvloed.

1.2.4 Prestasieverwante adolessent-veranderlikes

Wanneer bogenoemde tema in oënskou geneem word, blyk die klem op die konsep **veranderlikes** te val, en wel op adolessent-veranderlikes wat 'n invloed uitoefen op die adolessent se akademiese prestasie.

Plug et al. (1993:318) definieer die konsep **veranderlike** soos volg:

Enige aspek van 'n organisme, of van sy omgewing, wat verskillende waardes kan aanneem, byvoorbeeld ouderdom, intelligensie, metode van onderrig, akademiese prestasie of aantal response gelewer.

Veranderlikes het in verskeie wetenskappe die aanvaarde term geword om die basiese eienskappe van verskynsels waarna konsepte verwys, te tipeer. 'n Wydverspreide praktyk onder geesteswetenskaplikes is om die eienskappe van die navorsingsvoorwerp wat bestudeer word, **veranderlikes** te noem (streng gesproke is dit 'n afkorting vir **eienskappe wat veranderlik is**, met ander woorde **eienskappe wat verskillende waardes kan aanneem**). Voorbeelde van veranderlikes wat algemeen voorkom in studies is geslag, inkomste, sosiale klas, produktiwiteit, werkloosheid, opvoeding, mobiliteit, angs, religieuse affiliasie, politieke voorkeure, intelligensie en prestasie, aldus Mouton en Marais (1991:131).

Wanneer die onderhawige studietema in behandeling geneem word, sal ondersoek ingestel word na die wyse waarop bepaalde adolessent-veranderlikes die akademiese prestasie van die adolessent gunstig of ongunstig beïnvloed.

"If one variable is to be considered the cause of the other, then these two variables must vary together in some kind of pattern" (Guy et al. 1987:206).

Die volgende adolessent-veranderlikes sal in die onderhawige studie in behandeling geneem word en kan moontlik 'n invloed uitoefen op die akademiese prestasie van die adolessent:

Belewinge:

'n Adolessent wat veiligheid en vertrouwe belewe, kan sy moontlikhede optimaal aktualiseer en akademies goed presteer, terwyl 'n adolessent wat angs en spanning beleef, met betrekking tot 'n optimale leerprestasie gelabiliseer sal wees (vergelyk Claassens 1996:25).

In die literatuur (Claassens 1996; Pienaar 1997; Van As 1997) is die volgende aanduidinge van gunstige en ongunstige bewewinge gevind, wat moontlik die akademiese prestasie van die adolessent kan beïnvloed:

Gunstige bewewinge

- veiligheid
- aanvaarding
- vertrouwe
- positiewe selfbewustheid
- lewensin
- lewensgeluk
- positiewe gesindheid
- ontspannenheid
- angsvryheid
- waardigheidsgevoelens

Ongunstige bewewinge

- onveiligheid
- verworpenheid
- wantroue
- waardeloosheid
- sinloosheid
- ongelukkigheid
- negatiewe gesindheid
- spanning
- angs
- minderwaardigheidsgevoelens

Gedrag:

'n Adolessent wat toereikend eksplorieer en oor inisiatief beskik, presteer beter as 'n adolessent wat ongedissiplineerde en aggressiewe gedrag openbaar (vergelyk Claassens 1996:25).

"Studies repeatedly show that poorly behaved youths and delinquents are plagued by learning disabilities, repeated failure at school, reading and math deficits, and hearing or speech disorders" (Nielsen 1982:4).

Met die navorsing van Claassens (1996), Pienaar (1997) en Van As (1997) is die volgende aanduidinge van gunstige en ongunstige gedraginge gevind, wat 'n invloed op die akademiese prestasie van die adolessent kan uitoefen:

Gunstige gedrag

- sosiaal-aangenaam
- liefdevol
- saamwerkend
- selfaktualiserend (presteer)
- eksplorerend
- deelnemend
- waagmoedig
- kommunikeer warm, oop
- nie-aggressief
- gehoorsaam
- selfdissipline
- kreatief

Ongunstige gedrag

- antisosiaal
- vyandig
- opstandig
- onderpresteer
- nie-eksplorerend
- passief
- afwagtend
- swak kommunikasie
- aggressief
- ongehoorsaam
- gebrekkige selfdissipline
- nie-kreatief

Persoonlikheidseienskappe:

'n Adollesent se persoonlikheidseienskappe kan sodanig wees dat dit 'n prestasiebevorderende invloed uitoefen, byvoorbeeld 'n positiewe selfkonsep. Persoonlikheidseienskappe kan egter ook prestasiebelemmerend werk, byvoorbeeld wanneer die adollesent oor min selfvertroue en 'n negatiewe selfkonsep beskik (vergelyk Claassens 1996:25-26).

Claassens (1996), Pienaar (1997) en Van As (1997) onderskei in dié verband tussen die volgende gunstige en ongunstige persoonlikheidseienskappe:

Gunstige persoonlikheidseienskappe

- emosioneel stabiel
- sosiaal
- positiewe selfkonsep
- selfstandig
- ondernemend
- optimisties
- deursettingsvermoë
- geestesgesond
- goeie selfkennis
- positiewe gesindheid
- selfaanvaardend

Ongunstige persoonlikheidseienskappe

- emosioneel labiel
- nie-sosiaal
- lae selfkonsep
- nie-selfstandig
- passief
- pessimisties
- gebrekkige deursettingsvermoë
- neurotiese probleme

In hierdie studie gaan dit om die fasilitering van optimale akademiese prestasie van die adollesent in die gesinsopvoeding. Met ander woorde, ondersoek word ingestel na die gunstige en ongunstige invloede van ouerlike opvoedingsgedragpatrone op prestasieverwante adollesent-veranderlikes (belewinge, gedrag en persoonlikheidseienskappe), wat weer 'n direkte invloed uitoefen op die adollesent se akademiese prestasie.

1.2.5 Optimale akademiese prestasie

In die onderhawige studie gaan dit om die fasilitering van die optimale verwerking van die adolessent se moontlikhede en dui die begrip **akademiese prestasie** op die mate van sukses wat hy ten opsigte van sy skoolwerk behaal.

Monteith (Claassens 1996:26-27) definieer **akademiese prestasie** soos volg:

Akademiese prestasie dui onder meer op die mate van sukses waarmee die leerinhoude bemeester is en ook op die mate waarin die logies-analitiese funksies van leerlinge ontsluit is.

Die kognitiewe lewe, wat veral tydens adolessensie sterk groei toon, lei tot meerdere kognitiewe soepelheid en 'n uitbreiding van die verstandvermoëns, aldus Grobler et al. (1998:50).

Van den Aardweg en Van den Aardweg (1988:117) definieer **verstandelike vermoëns** of **intelligensie** soos volg:

"It is the function or practice or expression of the intellect: the use or exercise of the intellect, that is, the intellect's practical application. Intelligence determines a person's ability to grasp any given situation."

Volgens Mussen et al. (1990:336) is die skool dié plek waar die kind se verstandelike vermoëns getoets word:

"School is the major arena in which our society expects children to use their cognitive abilities."

Alhoewel intellektuele vermoëns 'n belangrike faktor is by die adolessent se akademiese prestasie, is daar in die literatuur tog heelwat aanduidinge dat verskeie nie-kognitiewe faktore 'n invloed op akademiese prestasie uitoefen. Vergelyk die volgende uitsprake:

- "School performance depends partly on intelligence, but it also depends on motivation, expectancies regarding success, socialization experiences, and the social context of the classroom" (Mussen et al. 1990:336).
- "Die invloed van die gesin is fundamenteel vir die skoolprestasie van die kind en sy sukses in die gemeenskap" (Garbers et al. 1983:14).
- "The chances of higher scholastic achievement may increase by a positive self-concept and the way in which the child plans and uses his/her time and works towards future success" (Grobler et al. 1998:49).
- "Achievement behaviors such as task persistence and setting moderate levels of aspiration can facilitate learning" (Mussen et al. 1990:354).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat akademiese prestasie deels afhang van verstandelike vermoëns, maar ook medebepaal word deur faktore soos motivering, verwagtinge, sosialisering, invloed van die gesin, selfkonsep, ensovoorts.

In die onderhawige studie word ouerlike opvoedingsgedrag as faktor uitgesonder met betrekking tot beïnvloeding van die akademiese prestasie van die adolessent. Met ander woorde daar word gefokus op ouerlike opvoedingsgedrag as fasiliterende faktor wat prestasieverwante adolessent-veranderlikes (belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe) so beïnvloed dat dit in die adolessent se skoolwerk weerspieël word.

1.2.6 'n Psigopedagogiese studie

Die Psigopedagogiek bestryk 'n duidelike-afgebakende werkterrein binne die Opvoedkunde. Dit gaan in die Psigopedagogiek om die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding; dit gaan dus om die vraag hoe die kind groot word en in watter mate sy ontwikkeling 'n gewenste verloop neem in die rigting van behoorlike volwasse funksionering wat by uitstek 'n opvoedingsaangeleentheid is (Ferreira 1994:26-28).

Vanuit die gesigshoek van die Psigopedagogiek is die kind (adolesent) se psigiese lewe 'n rykdom of 'n skat van moontlikhede of potensiaal wat hy met geboorte ontvang het. Hierdie potensiaal moet hy as mens van kleins af benut en sy lewe lank verwerklik (Ferreira 1994:28).

Ferreira (1994:28) verklaar verder dat die kind (adolesent) se psigiese lewe sigbaar word in die feit dat hy ontwikkel en leer. 'n Kind (adolesent) verwerklik sy psigiese lewe op grond van sy eie inisiatief, aangesien die kind (adolesent) self wil leer en wil ontwikkel en andersyds vanweë die hulp wat hy van sy opvoeders ontvang.

Die onderhawige studie word as 'n psigopedagogiese studie beskou omdat dit by uitstek handel oor psigiese gebeure by die adolesent. Dit gaan om bepaalde adolesent-veranderlikes, te wete, belewinge, gedraginge en persoonlikheids-eienskappe (wat die uitkoms is van opvoedingsgedragpatrone van ouers) wat die akademiese prestasie van die adolesent kan beïnvloed en wat ook by uitstek psigiese aangeleentheid is.

Aangesien die studie hoofsaaklik handel oor belewinge, gedraginge en persoonlikheids-eienskappe van die adolesent (en hoe hierdie adolesent-veranderlikes die adolesent se akademiese prestasie beïnvloed) word hierdie drie konsepte vervolgens kortliks gedefinieer, omskryf en toegelig.

Belewing

Belewing word as 'n sentrale begrip in die Psigopedagogiek beskou en volgens Van Rensburg et al. (1994:21) belewe elke mens die werklikheid op sy eie unieke manier, wat daarop neerkom dat die kind (adolesent) in opvoedingsituasies gesteun word om vir homself 'n eie **betekeniswêreld** (as beleweniswêreld) te stig.

Pretorius (Pienaar 1997:44) omskryf die begrip **belewing** soos volg: Belewing is die persoon se kontinue aktiwiteit van **betekenisgewing** aan die werklikheid; belewing is **betekenende aktiwiteit** (Linschoten).

Sonnekus (Ferreira 1994:47) definieer **belewing** soos volg: Belewing is 'n intensionele, persoonlike stellingname deur die kind (mens) as totaliteit-in-funksie in sy kommunikasie met die werklikheid.

Belewing by die kind (adolesent) voltrek in 'n belewingstroom waarin onderskeibare momente van gevoelsbelewinge, intellektuele bewewinge en normatiewe bewewinge voorkom. Beide die gevoels- en kognitiewe bewewinge by die kind (adolesent) staan in direkte wisselwerking tot mekaar in die sin dat 'n stabiele gevoelsbelewing die basis is waarop die kind (adolesent) se kognitiewe bewewinge berus terwyl die kognitiewe bewewinge op hul beurt weer ordening en kontrole in die kind se gevoelslewe bring. 'n Kind (adolesent) wat veiligheid belewe na aanleiding van die liefde, vertrouwe, gesag en begryping wat hy in die opvoedingsituasie ervaar, deins nie terug vir die opgawes wat op sy wordingsweg lê nie, terwyl die kind (adolesent) by wie sodanige gevoelsekerheid ontbreek, dikwels ontspoor en nie na behore emansipeer nie, aldus Ferreira (1994:49).

Dit gaan dus in hierdie studie om die vraag na die **betekenisse** wat die adolesent aan die opvoedingsgedrag van die ouer gee en na die invloed (gunstig of ongunstig) van hierdie betekenisgewing op die akademiese prestasie van die adolesent.

Gedrag

Volgens Plug et al. (1993:112) dui die begrip **gedrag** op 'n persoon se spesifieke respons of handeling - die uiterlik waarneembare gedrag van die persoon.

Wanneer die ouer 'n ontoereikende opvoedingsgedragpatroon verwerklik, word die kind (adolessent) tot gedragsprobleme gepredisponer soos byvoorbeeld intellektuele onderprestasie (vergelyk Pienaar 1997:47).

Volgens Ferreira (1994:52-56) gaan kinderlike (adolescente) gedrag gepaard met verantwoordelikhedaanvaarding; daarom is die kind (adolessent) se ervaring van die norm, die kennis oor die norm en die sin en betekenis wat hy aan die norm gee (heg), moontlikheidsvoorwaarde vir doelgerigte en sinvolle gedrag.

Angenent (1990:92) is van mening dat gedrag beïnvloed word deur die persoonlikheid van die kind (adolessent), maar veral ook deur die situasie waarin die kind hom bevind. Wanneer dieselfde kind se gedraginge in verskillende situasies met mekaar vergelyk word, dan is die verskille opvallend. "Men zou inderdaad soms de indruk krijgen met andere mensen te doen te hebben, terwijl er alleen maar van verschillende situaties sprake is", aldus Angenent (1990:92).

Tussen persoonlikheid en situasies is daar 'n voortdurende wisselwerking wat neerslag vind in waarneembare gedrag. Dit is veral hierdie interaksie wat die aanleiding en oorsaak van gedrag is. Gedrag wat die weerspieëling is van die situasie word medebepaal deur die persoonlikheid van die kind (adolessent). Die situasie kan alleen te voorskyn tree in gedrag via persoonlikheid, dit wil sê deur die betekenis wat die kind (adolessent) aan die situasie toeken (vergelyk Angenent 1990:92-93).

Claassens (1996:33) maak die opmerking dat dit wil voorkom asof die persoonlikheid van die kind (adolessent) sy gedrag (in wisselwerking met die situasie) bepaal en dat sy spesifieke persoonlikheidseienskappe hom tot bepaalde gedragspatrone predisponer.


Vir die doel van die onderhawige studie, naamlik verbandlegging tussen ouerlike opvoedingsgedrag en akademiese prestasie van die adolessent, word aangesluit by die opvoeding-kinderlike gedragsmodel van Pienaar (1997:79). Dié gedragsmodel van Pienaar (kyk Figuur 1.3) bied 'n klassifikasie van die gedragspatrone wat die kind (adolessent) teenoor sy ouers en onderwysers kan verwerklik. Die model dui ook die basisdimensies en basisbegrippe van die menslike persoonlikheid aan (**ekstroversie / introversie** en **emosioneel / stabiel**), sodat die gedragspatrone, gedragsprobleme en persoonlikheidsprobleme van die kind telkens met sy persoonlikheidseienskappe in verband gebring kan word.

Die volgende is voorbeelde van afleidinge wat uit die model gemaak kan word:

- die **emosionele introvert** is nie alleen teruggetrokke nie; hy is ook wantrouend en agterdogtig en in 'n hoë mate tot persoonlikheidsprobleme gepredisponeer;
- die gedragspatrone van die **ekstreem-emosionele** kind word deur emosionele veeleisendheid en uitdagende vyandigheid gekenmerk, en dié kind is sterk tot gedragsprobleme gepredisponeer;
- die impulsiwiteit van die **emosionele ekstrovert** kan tot aanmatigende gedrag aanleiding gee;
- die **stabiële introvert** neig tot onderdanigheid en kalme insiklikheid, met intellektuele kontrole oor sy gedrag;
- die **stabiële ekstrovert** openbaar 'n hoë mate van sosiale vaardigheid en sosiale aanpasbaarheid; sy gedrag is **sosiaal-aangenaam**, liefdevol en **saamwerkend** (Pretorius 1998:40).

Dit gaan dus in hierdie studie ook om die vraag na die **gedrag** wat die adolessent openbaar in reaksie op die opvoedingsgedrag van die ouer en na die invloed (gunstig of ongunstig) van hierdie gedrag op sy akademiese prestasie.

Figuur 1.3 'n Opvoeding-kinderlike gedragsmodel (Pienaar 1997:79)



Persoonlikheid

Dit gaan in die onderhawige studie onder andere om die vraag na prestasieverwante **persoonlikheidseienskappe** van die adolessent wat die uitkoms is van die ouer se opvoedingstyl.

Daarom word die konsepte **persoon**, **persoonlikheid** en **persoonlikheidseienskap** vervolgens gedefinieer, omskryf en toegelig:

○ **Persoon:**

Die begrip **persoon** dui op die uitvoerder van gedrag wat deur die psigologie bestudeer word (Plug et al. 1993:273).

Odendal et al. (1994:832) omskryf 'n **persoon** as 'n individu of enkeling wat selfstandig handel en optree.

○ **Persoonlikheid:**

Volgens Pretorius (1998:32) is die kind (adolessent) 'n persoonlikheid-in-wording en die sentraalste faktor in die opvoedingsituasie.

Die begrip **persoonlikheid** is afgelei van die Latynse woord **persona**, wat 'masker' beteken (Treffry 1998:1157).

Uit die wye verskeidenheid definisies van persoonlikheid wat in die literatuur gebied word, word die volgende voorbeelde aangehaal:

- Allport: "Die dinamiese organisasie binne die individu van daardie psigofisiese sisteme wat sy kenmerkende gedrag en denke bepaal" (Plug et al. 1993:274).

- Weiten (1992:424): "... an individual's unique constellation of consistent behavioral traits."
- Le Roux et al. (1992:13): "Die geïntegreerde en dinamiese totaliteitstruktuur van 'n persoon se karaktertrekke, houdinge, onderskeidende gedragspatrone en kwaliteite wat deur interaksie met sy totale omgewing verwerklik word."
- Treffry (1998:1157): "...the sum total of all the behavioural and mental characteristics by means of which an individual is recognized as being unique."
- Gouws en Kruger (1994:162): "Personality can be defined as 'everything' that gives a person a wholly distinctive character."
- Cobb (1992:402): "Personality is the relatively stable and unique constellation of psychological qualities that underlies characteristic behaviors across a variety of situations."

Hoewel hierdie definisies uiteenlopend is, is daar volgens Möller (1993:6) wel eenstemmigheid oor die volgende kenmerke:

- Persoonlikheid verwys na die kenmerkende struktuur, kombinasie en organisasie van gedragspatrone, denke en emosies wat elke mens uniek maak.
- Persoonlikheid stel die individu in staat om by unieke daaglikse lewensomstandighede aan te pas.
- Persoonlikheid verwys na die dinamiese aard van die mens, sowel as na sy geneigdheid om met 'n mate van konstantheid of voorspelbaarheid oor tyd, op 'n verskeidenheid situasies te reageer.

Die volgende uitsprake van Angenent (1990:88-89) is vir die onderhawige studie betekenisvol:

- Die kind (adolesent) se persoonlikheid word gevorm onder direkte invloed van die opvoeding wat hy ontvang;
- Veral die ouers (maar ook ander persone) oefen 'n belangrike invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind uit;
- Gesinsopvoeding vind in die kader van direkte persoonlike kommunikasie tussen ouers en kind plaas;
- Opvoeding is 'n intermenslike aangeleentheid en opvoedingsverhoudinge is niks anders as interpersoonlike verhoudinge nie.

Pretorius (1998:33) maak die volgende twee stellings ten opsigte van die kind (adolesent) en sy persoonlikheidsontwikkeling:

- Die opvoedingsgedrag (opvoedingstyl) van die ouer oefen 'n betekenisvolle en kragtige invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind (adolesent).
- Die persoonlikheid van die kind (adolesent) bepaal sy gedrag (vaste gedragpatrone) en dus ook die sosiale aanpassing wat hy in 'n verskeidenheid situasies sal verwerklik.

○ **Persoonlikheidseienskap:**

'n **Persoonlikheidseienskap** is 'n psigiese kwaliteit of trek van die persoonlikheid; die neiging of gedragsdisposisie van 'n persoon om in bepaalde situasies op bepaalde wyses te handel (Plug et al. 1993:80).


Weiten (1992:424) definieer 'n **persoonlikheidseienskap** as 'n "... durable disposition to behave in a particular way in a variety of situations." Volgens hom is byvoeglike naamwoorde soos byvoorbeeld eerlike, betroubare, buierige, impulsiewe, agterdochtige, gretige, vriendelike en dominerende beskrywend van neigings by 'n persoon wat in werklikheid neerkom op persoonlikheids-eienskappe.

Angenent (1990:93) wys daarop dat **persoonlikheidseienskappe** nie afsonderlik van 'n situasie funksioneer nie en dat alleenlik maar van persoonlikheidseienskappe-in-die-situasie gepraat kan word. Sy definisie sluit aan by bogenoemde outeurs wanneer hy hom soos volg uitlaat:

"We definiëren een persoonlijkheidseigenschap als een gedragsdispositie die wijst op de mogelijkheid en de waarschijnlijkheid dat bepaalde gedragingen in bepaalde situaties zullen voorkomen".

Alhoewel 'n wye verskeidenheid persoonlikheidsmodelle in die literatuur beskryf word, word vir die doeleindes van hierdie studie gefokus op die **persoonlikheidsmodel van Angenent** (1990:91-98), waarin die volgende persoonlikheidsbegrippe vervat is: Die basisdimensies van die persoonlikheid vorm die hoofasse (kyk Figuur 1.4) met **ekstroversie / introversie** op die horisontale vlak en **emosionaliteit / stabiliteit** op die vertikale vlak. **Impulsiwiteit** teenoor **intellektuele kontrole** en **sosiaal** teenoor **niesosiaal** word as die sekondêre asse tot die model gevoeg.

Figuur 1.4 'n Dimensioneel-sirkelvormige persoonlikheidsmodel
 (Angenent 1990:98)



Op dié wyse word tussen agt persoonlikheidseienskappe onderskei (vergelyk Pretorius 1998:36):

- ◆ **ekstroversie:** gesellig-vriendelik, sosiaal lewendig en aktief, op die sosiale omgewing gerig, geneig tot impulsiwiteit
- ◆ **introversie:** na binne gerig, teruggetrokke, beheersd
- ◆ **emosionaliteit:** onstabiel, veranderlike stemming, raak gou ontsteld
- ◆ **stabiliteit:** stabiele gevoelslewe, gelykmatige stemming
- ◆ **impulsiwiteit:** min selfbeheer, neig tot ondeurdagte en ongekontroleerde gedrag
- ◆ **intellektuele kontrole:** selfbeheers, verstandelike beheer oor gedrag
- ◆ **sosiaal:** sosiaal goed aangepas, sosiaal vaardig en prososiaal georiënteer
- ◆ **nie-sosiaal:** nie sosiaal aangepas nie, nie sosiaal vaardig nie en anti-sosiaal georiënteer

Coetzee (1993:90) het aan die hand van die persoonlikheidsmodel van Angenent (kyk Figuur 1.4) en die Humanistiese Sielkunde die volgende persoonlikheidsbegrippe geïdentifiseer aan die hand waarvan die aangeleentheid van prestasieverwante persoonlikheidseienskappe van die adolessent ondersoek kan word (kyk Tabel 1.1).


Tabel 1.1 'n Tabulering van Persoonlikheidsbegrippe (Coetzee 1993:90)

<p>Persoonlikheidsbegrippe aan die hand van persoonlikheidsmodelle geïdentifiseer</p>	<p>Persoonlikheidsbegrippe uit die Humanistiese Sielkunde</p>
<p>Emosioneel (neuroticism)</p> <p>Stabiel</p> <p>Sosiaal</p> <p>Nie-sosiaal</p> <p>Ekstrovert</p> <p>Introvert</p> <p>Impulsief</p> <p>Intellektuele kontrole</p>	<p>Selfkonsep</p> <p>Selfaktualisering</p> <p>Behoeftevervulling</p> <p>Persoonlike, subjektiewe belewinge</p> <p>Vryheid van wil</p> <p>Verantwoordelikheid</p> <p>Strewe na sin en betekenis</p> <p>Waardes</p> <p>Selfstandigheid</p> <p>Kreatiwiteit</p>

Aangesien verskeie outeurs wys op die verband tussen die opvoedingsgedrag van die ouer en die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent, ontstaan die vraag na watter persoonlikheidseienskappe by bepaalde basisvorme van die opvoeding ontwikkel. In dié verband bied Angenent (1990:99) 'n gekombineerde opvoeding-persoonlikheidsmodel (kyk Figuur 1.5).

Die hoofletters in Figuur 1.5 het betrekking op persoonlikheidseienskappe en die kleinletters op opvoedingsgedrag. Die hoofasse en sekondêre asse van die model is só weergegee dat 'n opvoedingstendens saamval met die persoonlikheidseienskappe wat daaruit voortvloei. So byvoorbeeld kan uit die model afgelees word dat 'n dominante

Figuur 1.5 'n Opvoeding-persoonlikheidsmodel (Angenent 1990:99)



opvoeding tot impulsiwiteit by die kind lei en 'n onverskillige opvoeding tot introversie.

Dit blyk egter uit die literatuur dat hierdie model eerder soos volg geles moet word:

'n Dominante opvoeding lei tot impulsiwiteit, ekstroversie en emosionaliteit by die kind, terwyl 'n onverskillige opvoeding daartoe lei dat die kind introverties en nie-sosiaal is met intellektuele kontrole oor sy gedrag, ensovoorts (Coetzee 1993:101).

o **PERSOONLIKHEIDSPATROON:**

Die konsep **persoonlikheidspatroon** dui volgens Hurlock (Pretorius 1998:37) op vorm, gestalte, struktuur of konfigurasie wat betref die persoonlikheid van die individu. 'n Persoonlikheidspatroon veronderstel die verskillende psigofisiese sisteme wat die individu se persoonlikheid uitmaak. Die twee hoofkomponente van die persoonlikheidspatroon is die **sentrale kern** (selfkonsep) en die **eienskappe** wat in verband staan met die kern en daardeur beïnvloed word (kyk Figuur 1.6).

Hierdie twee komponente word vervolgens omskryf en toegelig.

▶▶ **Selfkonsep**

Hurlock (Pretorius 1998:37) omskryf selfkonsep soos volg:

"The real self-concept is the concept people have of who and what they are. It is a mirror image, determined largely by their roles, their relationships with others, and what they believe the reactions of others to them are. The ideal self-concept is the picture people hold of what they would like to be."

Elke selfkonsep het 'n fisiese en psigiese aspek. Die **fisiese** aspek bestaan uit die konsepte wat persone vorm met betrekking tot hulle voorkoms, geslagsidentiteit, die belangrikheid van hulle liggame in verhouding tot hulle gedrag en die aansien wat hulle liggame geniet in die oë van ander. Die **psigiese** aspek bestaan uit die konsepte wat persone vorm met betrekking tot

hulle vermoëns en onbekwaamhede, voortreflikhede en verhoudinge met ander (Pretorius 1998:37).


» **Eienskappe**

Volgens Pretorius (1998:37) word die eienskappe wat hiermee in verband staan, omskryf as spesifieke gedragskenmerke, byvoorbeeld reaksies op frustrasies, metodes om probleme te hanteer, aggressiewe en verdedigende gedrag, ensovoorts. Hierdie eienskappe is geïntegreer met en word beïnvloed deur die selfkonsep. Sommige eienskappe tree afsonderlik op, terwyl ander kombineer om sindrome of gedragspatrone te vorm.


Persoonlikheidseienskappe het verder twee uitstaande kenmerke, naamlik **individualiteit** wat sigbaar is in variasies in die kwantiteit van 'n spesifieke eienskap eerder as in die eienskap eie aan daardie persoon, en **ooreenstemmendheid**, wat beteken dat 'n persoon homself ooreenstemmend in soortgelyke situasies en onder soortgelyke omstandighede sal gedra (vergelyk Claassens 1996:41).

Aan die hand van die uiteensettinge van Hurlock (Pretorius 1998:37-38) kan die persoonlikheidspatroon van 'n lewensvaardige persoon soos in Figuur 1.7 voorgestel word. In hierdie model word 'n positiewe selfkonsep as die sentrale persoonlikheidseienskap van die lewensvaardige persoon beskou en daarom vorm dit die kern. Die kwaliteit van die persoonlikheidseienskappe wat in die model rondom hierdie kern gerangskik is, ondersteun en beïnvloed die selfkonsep maar word ook daardeur beïnvloed. So sal die feit dat 'n persoon sy bestaan as sinvol beleef 'n gunstige uitwerking op sy selfkonsepvorming hê. Terselfdertyd sal die persoon met 'n positiewe selfkonsep sy bestaan as sinvol beleef.

Figuur 1.6 Persoonlikheidspatroon van die individu (Pretorius 1998:38)



Figuur 1.7 Moontlike persoonlikheidspatroon van 'n lewensvaardige persoon
(Pretorius 1998:38)



Die ideaal is dat die ouer die adolessent op so 'n wyse sal opvoed dat hy die persoonlikheidspatroon sal ontwikkel wat hom tot 'n optimale akademiese presteerder sal predisponeer. Hy sal dus oor die persoonlikheidspatroon van 'n lewensvaardige persoon moet beskik.

Die lewensvaardighede van die optimale akademiese presteerder kan die volgende insluit:

- vaardig by die benutting van kognitiewe potensiaal
- vaardig by die benutting van sosiale potensiaal
- vaardig as selfstandige persoon
- vaardig as kreatiewe persoon
- vaardig as emosioneel stabiele persoon
- vaardig as verantwoordelike persoon


Botes (Grobler et al. 1998:49) voer aan dat 'n persoon se **selfkonsep** sy ingesteldheid, gevoelens en kennis met betrekking tot sy eie vermoëns, vaardighede, voorkoms en sosiale aanvaarbaarheid is.

Dit blyk uit die literatuur dat 'n persoon nie met 'n selfkonsep gebore word nie, maar dat die basis daarvan deur interaksie met mense en reaksies van mense gelê word. Die belangrikste hiervan is die interaksie met ouers.

"Relationships with parents provide the foundation for self-esteem" (Cobb 1992:412).

Daar bestaan dus 'n verband tussen elk van die basisvorme van die opvoeding en selfkonsepvorming by die adolessent, en in dié verband bied Coetzee (1993:153-154) 'n opvoeding-selfkonsep-model (kyk Figuur 1.8) waaruit die uitkoms van die ouer se opvoedingsgedrag in terme van selfkonsepvorming by die adolessent afgelees kan word.

Figuur 1.8 'n Opvoeding-selfkonsep-model (Coetzee 1993:155)



Uit die model kan byvoorbeeld afgelees word dat 'n dominante opvoeding tot 'n lae selfkonsep by die adolessent lei en dat 'n warm, demokratiese opvoeding die adolessent tot die vorming van 'n hoë selfkonsep predisponeer.

'n Positiewe selfkonsep is die belangrikste faktor ter motivering van beter skolastiese prestasie, aldus Kearns (Grobler et al. 1998:49).

Vir die doel van die onderhawige studie en in besonder van Hoofstuk 2, wat handel oor ouerlike opvoedingstyle en die akademiese prestasie van die adolessent, sal telkens verwys word na die modelle wat hier behandel is om sodoende die verband aan te toon tussen die opvoeding wat adolessente ontvang en die invloed daarvan op hulle akademiese prestasie.

1.3 Navorsingsprobleem

Die navorsingsprobleem is 'n stelling van die probleem om al die onafhanklike, moderator en afhanklike veranderlikes te identifiseer en om in vraagvorm te vra na hulle onderlinge verbande. 'n Probleem moet duidelik en ondubbelsinnig in vraagvorm gestel word. Dit moet moontlik wees om data te versamel om die vrae wat gevra is, te beantwoord, aldus Van Rensburg et al. (1994:199).

Volgens Guy et al. (1987:34-35) is die navorsingsprobleem spesifiek, met 'n paar veranderlikes en van so 'n aard dat dit deur navorsing beantwoord kan word:

- "The research question is just what it suggests - a question that can be answered by using the research process. It is important to note that not all questions capable of being devised by the human mind are answerable by scientific research" (Guy et al. 1987:34-35).
- "Research questions are usually specific and encompass only a few variables" (Guy et al. 1987:35).

In die lig van die voorafgaande inleidende oriëntering en tema-analise kan die navorsingsprobleem van die onderhawige studie soos volg geformuleer word:

Op watter wyse (deur middel van watter opvoedingstyle) kan die optimale akademiese prestasie van die adolessent in die gesinsopvoeding gefasiliteer word?

1.4 Sentrale teoretiese stelling

Waar dit by die probleemstelling (navorsingsprobleem) gaan om sinvolle vrae, gaan dit hier om sinvolle moontlike antwoorde, aldus Landman et al. (1987:204).

Volgens Guy et al. (1987:70) is 'n hipotese die verwagte antwoord op die navorsingsprobleem:

"... a hypotheses is an expectation about the nature of things according to theory. It is a statement of what we ought to find if our theory is correct."

Van Rensburg et al. (1994:90) bied die volgende omskrywing van 'n hipotese:

- 'n Hipotese is 'n spesifieke stelling oor die aard van 'n verband tussen veranderlikes wat getoets word deur die aanwending van operasionele definisies.
- 'n Hipotese is 'n verwagting aangaande gebeure wat gebaseer is op veralgemening van die veronderstelde verband tussen veranderlikes.
- 'n Hipotese is 'n vermoede, 'n tentatiewe stelling aangaande die verband tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes.

Mouton en Marais (1991:137) beskou 'n hipotese as 'n stelling wat 'n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes postuleer.

Om die navorsingshipotese te toets, moet dit 'n direkte antwoord tot die navorsingsprobleem bied, aldus Guy et al. (1987:124).

Stern (Mouton en Marais 1991:137) daarenteen stel voor dat die terme **sentrale teoretiese stelling** (central theoretical thesis) gebruik word wanneer na hipoteses in meer teoretiese studies verwys word. Die onderskeiding tussen navorsingshipotese en sentrale teoretiese stelling dui egter nie op 'n fundamentele verskil in die aard of struktuur van die konstruk nie. Dit bied hoogstens 'n aanduiding van die besondere konteks waarbinne die hipotese funksioneer (Mouton en Marais 1991:137).

In die lig van die voorafgaande probleemstelling kan die sentrale teoretiese stelling van die onderhawige studie soos volg geformuleer word:

Die ouers kan in die gesinsopvoeding die optimale akademiese prestasie van die adolessent fasiliteer deur bepaalde gunstige opvoedingsgedragspatrone te verwerklik.

1.5 Metodologiese verantwoording

Die onderhawige studie kan in die breë beskou word as geesteswetenskaplike navorsing. Geesteswetenskaplike navorsing is 'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse (metode) bestudeer word ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel (vergelyk Van Rensburg et al. 1994:142).

Die begrip **metode** is afgelei van die Latynse woord *methodus*, of die Griekse woord *methodos* en beteken letterlik 'weg waarlangs', uit *meta* (waarlangs) en *hodos* (weg) (vergelyk Treffry 1998:979).

Bogdan en Taylor (in Guy et al. 1987:12) bied die volgende treffende definisie vir **metodologie**:

"The term **methodology** in a broad sense refers to the processes, principles, and procedures by which we approach problems and seek answers. In the social sciences the term applies to how one conducts research. As in everything else we do, our assumptions, interests, and goals greatly influence which methodological procedures we choose. When stripped to their essentials, most debates over methods are debates over assumptions and goals, over theory and perspective."

Volgens Van Rensburg et al. (1994:134) moet die wetenskaplike ondersoeker van 'n metode gebruik maak wat die verskynsel vir hom toeganklik maak. Die besondere metode word hoofsaaklik deur die aard van die verskynsels of die ondersoekgebied bepaal. Dit is 'n stelselmatige werkwyse wat die ondersoeker volg in sy benadering tot die bepaalde fenomeen (verskynsel).

Die onderhawige studie kan as basiese, teoretiese navorsing beskou word. Die ondersoek word aan die hand van 'n uitgebreide studie van toepaslike literatuur onderneem.

"Sometimes the impetus of research is not to test theory per se, but simply to use theory as an aid in understanding and answering a research question" (Guy et al. 1987:52).

Hierdie studie kan verder as 'n **verklarende** studie getipeer word waarvan die doel is om die oorsaaklikheid tussen veranderlikes of gebeurtenisse aan te toon. Die navorser is nie tevrede om slegs aan te toon dat daar kousale verbande tussen ouerlike opvoedingsgedragpatrone en die akademiese prestasie van die adolessent bestaan nie, maar hy wil ook die rigting van die verbande aantoon. Die oogmerk is om die bepaalde verskynsel (akademiese prestasie) in terme van bepaalde oorsake (ouerlike opvoedingsgedrag) te probeer verklaar (vergelyk Mouton en Marais 1991:47).

Volgens Mouton en Marais (1991:47) berus 'n geldige kousale verklaring op drie sentrale voorwaardes, naamlik:

- dat 'n bepaalde opeenvolging van oorsaak en gevolg geld (tydsvolgorde)
- dat 'n bepaalde verskynsel of verskynsels die egte oorsaak/oorsake van y is.
- dat 'n aantoonbare verband tussen die verskynsels bestaan, met ander woorde dat die kousale (of onafhanklike) veranderlike(s) en die afhanklike veranderlike kovarieer.

Wat hierdie drie sentrale voorwaardes betref, kan met betrekking tot die onderhawige studie soos volg verklaar word:

- die ouer se opvoedingsgedrag (oorsaak) beïnvloed die belewinge, gedraginge en persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent
- die prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheids-eienskappe van die adolessent beïnvloed sy akademiese prestasie.

Mouton en Marais (1991:47) voer verder aan dat verklarende navorsing regstreeks verband hou met **voorspellende** en **evaluatiewe studies**. As dit moontlik is om 'n kousale model te ontwikkel wat aantoon hoe die opvoedingsgedrag van die ouer met die belewinge, gedraginge en persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent verband hou, dit wil sê hoe belewing, gedrag en persoonlikheidsontwikkeling deur opvoedingsgedrag beïnvloed word, is dit in beginsel moontlik om 'n algemeeneldige voorspelling oor die adolessent se akademiese prestasie te maak. Die navorsers is ook van voorneme om as uitkoms van die studie enkele riglyne neer te lê aan die hand waarvan die ouer kan opvoed (fasiliteer) sodat sy opvoedingsgedrag 'n gunstige invloed sal uitoefen op die prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent, sodat hy tot optimale akademiese prestasie gepredisponer kan word.

Die onderhawige evaluatiewe navorsingsondersoek behels verder die beoordeling of evaluering van die effektiwiteit van bepaalde praktyke, te wete bepaalde opvoedingspraktyke.

Om die aangeleentheid van kousale verbande tussen ouerlike opvoedingsgedrag en die akademiese prestasie van die adolessent toe te lig, word in Hoofstuk 3 van die onderhawige studie 'n kwalitatiewe ondersoek van drie toeliggende eksemplariese gevallestudies beskryf. Daar word ook 'n beknopte aanduiding gebied van wat die kwalitatiewe navorsingsmetode behels.

1.6 Doel van die ondersoek

Die doel van die onderhawige studie kan soos volg geformuleer word:

Om ondersoek in te stel na die wyses waarop (opvoedingstyle waardeur) die optimale akademiese prestasie van die adolessent in die gesins-opvoeding gefasiliteer kan word.

1.7 Program van ondersoek

Die stappe van 'n **navorsingsprogram** is in werklikheid probleemoplossingstappe. Die doel van elke navorsingsprojek is die oplossing van 'n probleem. Oplos(sing) beteken om 'n vraag te beantwoord, om 'n probleem uit te werk, of om 'n hipotese te bevestig. Die woord oplos(sing) kan ook verwys na die verklaring en begryping van 'n fenomeen wat in vraagvorm geformuleer is (vergelyk Van Rensburg et al. 1994:199).

Na die voorafgaande inleidende oriëntering, tema-analise en probleemstelling sien die verdere program van studie soos volg daar uit:

In **Hoofstuk 2** word 'n verbandlegging tussen die onderskeie ouerlike opvoedingsgedragpatrone en akademiese prestasie van die adolessent gedoen.

In **Hoofstuk 3** word die empiriese ondersoek beskryf, te wete eksemplariese gevallestudies met betrekking tot die verband tussen ouerlike opvoedingsgedrag en die akademiese prestasie van die adolessent.

In **Hoofstuk 4** word die bevindinge van die studie en gevolgtrekkings, aanbevelings en riglyne wat daaruit voortspruit, geformuleer.